Dit is die dag deur God geskenk 336



2 Vol vreugde dink ons aan die dag
deur voorgeslagte lank verwag,
toe God uit liefde sonder peil
sy Seun geskenk het, óns tot heil.

3 U maak die sondaar tot Gods kind;
U word ons broer en troue vriend,
verberg u hoë majesteit,
word mens, word óns tot saligheid.

4 As ek dié wonder wil deurgrond,
verstar my denke, swyg my mond;
ek sien alleen die wonder aan
en bly aanbiddend daarvoor staan.

5 Roem almal sy geboortedag –
sy lig verdryf die sondenag.
Juig, mensdom, loof u Koning saam,
groot is sy Naam bo elke naam!

Teks: *Dies ist der Tag, den Gott gemacht* - Christian Gellert 1757; Pieter van de Kasteele 1806; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001
Melodie: *Vom Himmel hoch da komm ich her* - Martin Luther 1539

© Bybel-Media 2022. Alle regte voorbehou. Aanlyn beskikbaar by www.missio.org.za